DAGBREEK EN SONDAGNUUS, 19 JULIE 1964

# SONDEBOK DIE TEMA VAN DIE „SILBERSTEINS' SE VERVOLG



ETIENNE LEROUX, wie se vervolg op „Sewe Dae By die Silbersteins" op hierdie bladsy bespreek word. Hierdie „speurverhaal" is voltooi nog voordat die storm oor die „Silbersteins" losgebars het. Die titel is „Een vir Azazel" en die boek verskyn aan die begin van Augustus.

**MIN boeke in Afrikaans het nog voor publikasie soveel aandag gekry as „Een vir Azazel", Etienne Leroux se vervolg op die veelbesproke „Sewe Dae by die Silbersteins". Hierdie „speurverhaal" is voltooi nog voordat die storm oor die „Silbersteins" losgebars het.**

Ek het so pas die boek uit: 'n ongekorrigeerde eksemplaar wat deur die uitgewers aan koerante uitgestuur is; in die geval van 'n boek soos hierdie 'n navolgenswaardige manier van doen.

## Geesdrif

En my kop draai! Plek-plek het die moedeloosheid my oorval omdat my algemene kennis (veral van die mitologie) heeltemal ontoereikend is, maar plek-plek was daar rede vir geesdrif, en by nadenke: die moedeloosheid is my eie skuld.

As ek nou 'n mening uitspreek, is dit voorlopig en vir die grootste gedeelte gebaseer op intuïsie; kans vir ontleding en bekyk was daar nie.

Twee dinge het my opgeval: Leroux se byna geniale beeldingsvermoë en, daarmee gepaardgaande, sy vermoë om wyshede te laat verkondig sonder dat dit in die minste prekerig word.

## Beter Taal

Tweedens: die groot verbetering wat daar in die taalgebruik in hierdie boek voorkom. Waar kritici nog gefrons het oor die „Silbersteins" kan hulle (wat taal betref) nou ontspan.

Wie van „Een vir Azazel" 'n gewone speurverhaal verwag, sal teleurgesteld wees. En wie verwag dat Leroux hom enigsins sou steur aan die aanklagte van „pornografie" ensomeer sal ook teleurgesteld wees.

Wie egter die waarde van die boek wil verdedig, sal 'n makliker taak hê omdat die teenstelling goed-kwaad, orde-chaos hier veel duideliker aantoonbaar is as in die „Silbersteins."

## Sondebok

Azazel is in die Joodse godsdiens die sondebok. Leroux skryf in sy voorwoord: „Daarom is die tragiese figuur van ons tyd miskien dié een wat die skuld op hom trek om ons haat of verdriet vir onsself geldig te maak."

Hoewel dus in vreemde gedaante het ons hier te doen met 'n baie ou problematiek: die probleem van die sondebok; aktueel as gevolg van wat gebeur het in die Tweede Wêreldoorlog, aktueel ook omdat daar neigings is in die maatskappy vandag wat 'n sondebok 'n noodsaaklikheid maak.

Hoewel skynbaar spottend, is Leroux in hierdie werk besig om dieper af te steek in die probleme wat hy reeds in die „Silbersteins" oopgesny het.

'n Groter werk as die Silbersteins? Dit bly vir my ook voorasnog 'n vraag. Maar sekerlik niks minder nie.

„Een vir Azazel" verskyn aan die begin van Augustus. — A. de V.

**Teenstelling**

**Goed-Kwaad**

**Duideliker**

**Aantoonbaar**